basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Afrikaans Tweede Addisionele Taal

## Graad 10

## Lesse vir leerders

## Eerste Kwartaal

## 2012

# Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie lesse verleen.

**Mari Smit, Carine Lubbe, Susannie Pretorius, Elaine Hefer, Kobus Visagie**
**Vrystaat Departement van Onderwys**

**Department of Basic Education**

222 Struben Street
Private Bag X895
Pretoria 0001
South Africa
Tel: +27 12 357 3000
Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110
Website: http://www.education.gov.za

**© 2012 Department of Basic Education**

Kopiereg voorbehou

# Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1: Goeiedag** **4**

**Hoofstuk 2: Gesondheid** **16**

**Hoofstuk 3: Môre Juffrou, môre klas** **26**

**Hoofstuk 4: Ubuntu** **36**

**Hoofstuk 5: Ken jy die land** **47**


Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 1: Goeiedag

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * luister hoe mens in Afrikaans groet.<br>* luister hoe leerders inligting oor hulleself gee |
| Lees en kyk: Begrip | * na inligting oor jou Afrikaansonderwyser luister.<br>* 'n teks oor goeie maniere lees<br>* 'n teks oor kommunikasie opsom |
| Skryf en aanbied | * 'n beskrywende paragraaf lees.<br>* woorde wat beskryf gebruik<br>* leer om sinne in Afrikaans te skryf |
| Taalstrukture en -konvensies | * betekenis van woorde in 'n woordeboek opsoek<br>* woorde reg uitspreek<br>* intensiewe vorme leer<br>* sinne bou<br>* stelsin, vraagsin, bevelsin en uitroepsinne doen<br>* teenwoordige tyd gebruik<br>* trappe van vergelyking |

## Luister en praat

## So groet ons in Afrikaans

## Aangename kennis



(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)

Mnr. Sello: Goeiemôre, klas.
Klas: Goeiemôre, Meneer
Mnr. Sello: Sit maar. (*Klas gaan sit met 'n geraas.*).
Mnr. Sello: Stilte, graad 10's . Ek is julle Afrikaansonderwyser vir hierdie jaar. Ek wil graag weet wat julle name is. Julle ken mekaar ook nie almal nie. Is daar dalk 'n nuwe leerder in die klas? (*Seun steek sy hand op*)
Seun: Ja, Meneer, ek is nuut.
Mnr. Sello: Goed. Wat is jou naam?
Seun: My naam is Theboho Mothebe.
Mnr. Sello: Baie welkom, Theboho. Klas, wat sê mens as jy iemand die eerste keer ontmoet?


Kopiereg voorbehou

Pulane: Aangename kennis!
Mnr. Sello: Dis reg. Hoe sal ons almal vir Theboho sê?
Klas: Aangename kennis, Theboho.

## Woordeskatuitbreiding: So groet ons in Afrikaans

Leer die maniere waarop ons mekaar in Afrikaans groet.

As jy iemand vir die eerste keer ontmoet, sê jy: Aangename kennis.(*Please to meet you.*)


(*Clip Art*)

As jy iemand groet, kan jy die volgende woorde gebruik.
Goeiemôre: (*good morning*): As jy iemand in die oggend groet.
Goeiemiddag: (*good afternoon*): As jy iemand in die middag groet.
Goeienaand ( *good evening*): As jy iemand vroeg in die aand groet.
Goeienag (*good night*): As jy iemand laat in die aand groet.
Totsiens (*goodbye*): As jy klaar met iemand gepraat het.
Hallo: Informele manier van groet.

'n Mens vra ook altyd hoe dit met iemand gaan bv. Hoe gaan dit met jou?
'n Persoon sal altyd terug antwoord: Dit gaan goed dankie en met jou? Jy sal dan antwoord: Goed dankie.

**Oefening 1: Groetvorme**
Vul die woorde wat uitgelaat is in.

goed dankie en met jou? hallo, goeienaand, goeiemôre, goeiedag, totsiens, hoe gaan dit? goeienag

1. In die oggend groet Mamma my en sê: _______ , Thandi.
2. As ek uit die klas loop, sê ek: ______ , Juffrou.
3. In die middag groet ek my maats en sê: ____ , julle.
4. As ek iemand klaar gegroet het, vra ek: ____________ . Die persoon sal dan antwoord: _____.
5. As ek in die aand gaan slaap, sê ek ____ vir my vriende.
6. As ek my maats groet, sê ek sommer ____ .

## Praat: Vertel meer van jouself.

Die graad 10-leerders is almal nuwe leerders by Lerato Hoërskool. Hulle is almal in graad 10 C en stel hulleself aan die klas voor.

Luister na die manier waarop elkeen hom of haar aan die ander voorstel (*introduce).*


(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)

My naam is Tshidi en ek kom van Welkom. My van is Motaung. Ek is vyftien jaar oud. My ma en pa is Paul en Annah. Ek is hulle oudste kind. Ek het nog 'n boetie en sussie.

Kopiereg voorbehou



My naam is Selina Mopeli. Ek is my ma en pa se enigste kind. Hulle bly op Hobhouse. Ek is sestien jaar oud. Ek is baie bang vir die nuwe en groot skool.

(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)



My naam is Thabo Senoge. Ek is vyftien jaar oud. Ek kom van Reddersburg af. Ek bly by my ouma. Ek het nog twee boeties en een sussie.

(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)

My naam is Pulane Thethe. Ek kom van Villiers. Ek is baie opgewonde *(excited)* oor die nuwe skool. Ek is ook vyftien jaar oud.



(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)

Ek is Thebogo Mokoena. Ek kom van Luckhoff. Ek bly by my boetie en sy vrou. My ouers is oorlede (dood). Ek is sestien jaar oud. Ek hou baie van die nuwe skool. Hulle speel goed sokker.



(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)

Stel jou aan die klas voor. voltooi die volgende sinne om jou te help.

- My naam (*name*) is ___ en my van (*surname*) is ___ .
- My ouers (*parents*) se name is ___ en _____ .
- My gesin bestaan uit ___.
- Ek bly in ____ . (*I stay in* ___ .)
- Ek is ____ jaar oud. ( *I am* ___ *years old*.)

Kopiereg voorbehou

**Dit is belangrik om altyd mense te groet. As jy mense groet, wys jy dat jy respek (*respect*) vir iemand het.**

## Luister na inligting (*information*) oor jou onderwyser

Goeiemôre, graad 10's.

My naam is juffrou (Miss) Pulane Tlali. Ek gaan vanjaar vir julle Afrikaans gee.

Ek dink julle wil meer van my weet. Ja, ek is nog 'n jong onderwyseres. (*teacher*). Ek het twee jaar gelede begin skoolhou. Ek het aan die Universiteit (*university*) van die Vrystaat gestudeer (*study*). My vakke (*subjects)* wat ek kan gee, is Afrikaans en Aardrykskunde (*Geography*).

Ek het op Bultfontein grootgeword en het daar skool gegaan. Ek was die hoofmeisie van die skool.

Ek hou baie van sokker. Ek kook ook graag vir my vriende en lees mooi storieboeke.

Ek hoop ons gaan vanjaar baie lekker saamwerk.



(*Afrikaans Sonder Grense* 1986)

**Oefening 2: Beantwoord die volgende vrae.**

1. Wat is die onderwyseres se naam?
2. Watter vak gaan sy vir jou gee?
3. Wanneer het die onderwyseres begin skoolhou?
4. Waar het sy gestudeer?
5. Watter ander vak kan sy ook gee?
6. Waar het sy grootgeword?
7. Is die volgende sinnetjie WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.
   Sy was 'n prefek in die hoërskool.
8. Van watter sport hou die onderwyseres?

## Lees en Kyk

## Leesbegrip: Lees die teks oor goeie maniere (*good manners*) wanneer jy mense groet.

## Voor jy lees:

- Wat dink jy is goeie maniere?
- Is goeie maniere belangrik (*important)*?

## Terwyl jy lees:

- Lees die teks oor goeie maniere een maal saam met jou onderwyser.
- Lees die vrae.
- Lees weer die teks en merk moontlike antwoorde.

Beantwoord die vrae.

Kopiereg voorbehou

**Dit is goeie maniere om mense te groet.**

Groet mense altyd vriendelik (*friendly*), soos: *Goeiemôre, Thabo. Hoe gaan dit met jou?* Mense voel baie maal alleen (*lonely*) en dan help ’n vriendelike groet.

Mense kan mekaar groet met ’n kopknik ( *nod of head*) of om hand te skud (*to shake hands*). Los liewer mondsoene (*kisses*) vir verliefdes en familie. Mens soengroet nie mense as jy siek is of verkoue (flu) het nie.

Kinders moet ouer mense met die hand groet. Hulle moet opstaan as hulle ouer mense groet. Jongmense kan hulle maats met ’n *hallo* groet.

Mense wat mekaar ken, groet mekaar op straat met ’n kopknik. Vriende groet mekaar op straat met die hand of met ’n kopknik. As jy in ’n motor ry of ver van familie of vriende is, kan jy vir hulle waai.



(*Clip art*)

’n Man behoort op te staan as hy ’n vrou groet. Mense onthou nie maklik vreemde mense (*strangers*) se name nie. Sê hulle name as jy hulle groet.

[Verwerk uit: *Goeie maniere en etiket;* Emsie Schoeman]

## Nadat jy gelees het:

**Oefening 3: Beantwoord die volgende vrae.**

1. Hoe moet jy altyd iemand groet?
2. Wat moet jy sê as jy iemand groet?
3. Wanneer help dit om iemand vriendelik te groet?
4. Noem TWEE maniere waarop mense mekaar groet.
5. Noem TWEE geleenthede (*occasions*) wanneer jy nie mense soen nie.
6. Hoe moet kinders ouers mense groet?
7. Noem EEN manier waarop jongmense mekaar kan groet.
8. Hoe groet jy vriende as jy in ’n motor ry?
9. Wat behoort ’n man te doen as hy ’n vrou groet?
10. Wat moet jy doen om ’n vreemde mens se naam te onthou?

## Opsomming: Lees die teks oor ’n manier om te kommunikeer goed sodat jy dit kan opsom.

Die volgende stappe is belangrik (*important*) as jy ’n teks opsom.
1. Lees die teks goed deur. Maak seker dat jy die teks goed verstaan.
3. Lees die teks weer deur. Besluit wat is die hoofgedagtes (*main ideas*).
4. Onderstreep die hoofgedagtes.
5. Trek onnodige woorde deur.
6. Skryf die hoofgedagtes neer.

Kopiereg voorbehou

**’n Maklike manier om te kommunikeer**



’n Maklike manier om te kommunikeer is met ’selfoon. Elke Suid-Afrikaner het ’n selfoon.

Hoofgedagte: Selfone maak kommunikasie maklik.

’n Selfoon maak dit maklik om jou ouers, familie of vriende te bel. Jy kan maklik vir hulle ’n boodskap gee of met hulle gesels.

Dit is maklik om familie en vriende te bel.

’n SMS maak die lewe nog makliker. ’n SMS is ’n teksboodskap wat op ’n selfoon getik word en aan mense gestuur word.

’n SMS maak dit nog makliker.

Musiek kan ook op jou selfoon afgelaai word en jy en jou maats kan dan na jou gunsteling (*favourite*) musiek luister.

Musiek kan afgelaai word.

As jy baie van elektroniese speletjies (*electronic games*) hou, kan jy en jou maats dit op julle selfone speel.

Elektroniese speletjies kan gespeel woord

Dit kan ook as ’n kamera gebruik word. As jy ’n MMS (foto) stuur, kan jy vir jou maats en familie presies wys waar jy is.

Dit kan as ’n kamera gebruik word.

’n Tyd gelede het banke ook hulle dienste (*service*) per selfoon uitgebrei (*expand*). ’n Ouma wat nie naby ’n bank is nie kan nou geld van haar seun ontvang wat honderde kilometers daarvandaan werk.

Kan vir bankdienste gebruik word.

**Oefening 4: Som op deur die volgende hoofgedagtes te voltooi.**

1. ’n Maklike manier om te kommunikeer ____ .
2. Dit is maklik ___ .
3. ’n SMS ____ .
4. Musiek ___ .
5. Elektroniese speletjies ___ .
6. Dit kan as ____ .
7. Banke ___ .

## Skryf en Aanbied

## Skryf ’n beskrywende paragraaf

**Lees die paragraaf wat ’n graad 10-leerder beskryf.**

As jy iemand beskryf, kan jy trappe van vergelyking en intensiewe vorme gebruik. Al die woorde wat in **vetdruk** is, is woorde wat die leerder **beskryf**.



(*Clip art*)

**’n Vrolike, jong seun**

Hierdie **jong** seun is **vrolik** en **bly**. Hy spring **hoog in die lug**, want hy is nou in graad 10. Hy het ’n **wit** pet op sy kop. Sy **moderne** hemp hang oor sy broek. Sy langbroek is opgerol en hy het **grys** *sneakers* aan. Sy hele lyf wys dat hy **bly en vrolik** is.

## Woordeskatuitbreiding

Trappe van vergelyking help ’n mens om dinge te vergelyk (*compare*) en te beskryf (*describe*).

| **STELLENDE TRAP** (*statement*) | **VERGROTENDE TRAP** Plaas –er- agter die woord**.** | **OORTREFFENDE TRAP** Plaas –ste- agter die woord |
|---|---|---|
| jong<br>oud<br>lank<br>hoog<br>bly<br>vrolik | jonger (as) | (die) jongste |

**LEER die trappe van vergelyking hierbo, vir ’n toets.**
**Intensiewe vorme beskryf dinge. LEER die volgende intensiewe vorme vir ’n toets.**

1. baie wit is **spierwit**.
2. baie geel is **goudgeel**.
3. baie jonk is **bloedjonk**.
4. baie groen is **grasgroen**.
5. baie oud is **stokoud**.
6. baie hoog is **hemelhoog**.
7. baie klein is **piepklein**.
8. baie koud is **yskoud**
9. baie warm is **vuurwarm**.
10. baie swart is **pikswart**

Onthou: intensiewe vorme is altyd een woord

K

’n Mens het woorde en sinne nodig om ’n paragraaf te skryf. Woorde is soos bakstene waarmee ’n muur gebou word. Jy moet hulle eers agtermekaar sit om ’n sin te vorm.

| Leerders | bou | sinne | met | woorde |
|---|---|---|---|---|

- Die belangrikste woord in ’n sin is die werkwoord (*verb*).
- Die werkwoord sê wat gedoen word.
- Dit staan altyd in die **tweede posisie** in ’n sin.
- As jy wil weet watter woord die werkwoord is, kan jy vra **WAT GEDOEN** word.

| Eerste posisie | **Tweede posisie** | Derde posisie |
|---|---|---|
| Die goeie onderwyser | skryf | op die bord |

Lees die sin en beantwoord dan die vraag wat gevra word. Die antwoord gee vir jou die werkwoord.

**Oefening 5: Vul die werkwoorde in.**

1. Die seun spring. Wat doen die seun? Hy ____.
2. Die meisies loop. Wat doen die meisies? Hulle _____.
3. Die klok lui. Wat doen die klok?  Die klok ___ .
4. Die graad 10-klas leer. Wat doen die graad 10-klas? Hulle ____.
5. Die leerders luister. Wat doen die leerders? Hulle ____.

- Die onderwerp(*subject)* staan altyd in die **eerste posisie** in ’n sin.
- Dit sê vir ons wie/wat die werk doen.
- As jy wil weet watter woorde die onderwerp is, kan jy **WIE/WAT** vra.
- Lees die sin en beantwoord dan die vraag wat gevra word.
- Die antwoord gee vir jou die onderwerp.

| **Eerste posisie** | Tweede posisie | Derde posisie |
|---|---|---|
| Die slim leerder | doen | huiswerk |

**Oefening 6: Vul die onderwerpe in.**

1. Die seun dra ’n blou hemp. Wie dra ’n blou hemp? ____ dra ’n blou hemp.
2. Die onderwyser skryf op die bord. Wie skryf op die bord? ____ skryf op die bord.
3. Die dogters het almal blou penne. Wie het almal blou penne? ___ het almal blou penne.
4. Die seuns dra kort broeke. Wie dra kort broeke?  _____ dra kort broeke.
5. Die skoolhoof is ’n vriendelike man. Wie is ’n vriendelike man? ________ is n vriendelike man.

- Die voorwerp (*object*) staan gewoonlik in die **derde posisie** in ’n sin.
- As jy wil weet watter woorde die voorwerp is, kan jy **WAT/WIE** vra.
- Lees die sin en beantwoord dan die vraag wat gevra word.
- Die antwoord gee vir jou die voorwerp.

| **Eerste posisie** | Tweede posisie | **Derde posisie** |
|---|---|---|
| Die lang seun | skop | die sokkerbal |


**Oefening 7: Vul die voorwerpe in.**

1. Die seun dra ’n blou pet. Wat dra die seun? Hy dra ______.
2. Hy het ’n lang hemp aan. Wat het hy aan? Hy het ’n _______ aan.
3.Die dogter het ’n langbroek aan. Wat het die dogter aan? Die dogter het ’n _______ aan.
4.Die mooi meisie het krale in haar hare. Wat het die mooi meisie in haar hare? Sy het _____ in haar hare.
5.Die leerders leer Afrikaans.  Wat leer die leerders? Die leerders leer ____.

Kopiereg voorbehou

## As ons ’n sin in Afrikaans bou, doen ons dit so:

| Onderwerp | Werkwoord | Voorwerp |
|---|---|---|
| Die jong seun | dra | ’n blou pet |



(*Clip art*)

Skryf nou ’n paragraaf van 40 woorde waarin jy EEN van die twee moderne leerders in die prentjies beskryf.

Jy kan van die volgende woorde gebruik maak:

> lang hare, deftige (*smart*) baadjie, peperduur broek, pikswart skoene, pragtige (*beautiful*)hemp, moderne pet, kort rokkie, bruin stewels, gestreepte hemp

Jy moet die sinne reg bou. (onderwerp, werkwoord, voorwerp)

## Voor jy skryf

- Maak ’n lysie van al die woorde waarmee jy die moderne seun of dogter kan beskryf.

## Terwyl jy skryf

- Die eerste sin moet interessant wees.
- Gebruik die woorde wat jy in die teks geleer het.
- Jy moet die sinne reg bou.
- ’n Sin begin met ’n hoofletter en eindig met ’n punt.

## Nadat jy geskryf het

- Kyk of al die woorde reg gespel is.
- Kyk of jou sinne reg gebou is. (onderwerp, werkwoord, voorwerp)
- Skryf die finale weergawe.

**Woordeskatuitbreiding**

Leer die name van die volgende kleure in Afrikaans

| | | | |
|---|---|---|---|
| blou | *blue* | oranje | *orange* |
| rooi | *red* | grys | *grey* |
| wit | *white* | pienk | *pink* |
| geel | *yellow* | pers | *purple* |
| groen | *green* | bruin | *brown* |
| swart | *black* | goud | *gold* |

Kopiereg voorbehou

# Taal in konteks

**Oefening 8: Die alfabet klink anders in elke taal. Leer die alfabet in Afrikaans:**


a, b, c, d, e, f, g, h, i, j, k, l, m, n, o, p, q, r, s, t, u, v, w, x, y, z

**Oefening 9: Kyk nou in die klas rond en skryf woorde neer wat met die volgende letters begin. Jy kan die woorde eers in Engels skryf en dan in Afrikaans.**

| Letter | Engelse woord | Afrikaans vir die Engelse woord |
|---|---|---|
| **a** | | |
| **e** | | |
| **i** | | |
| **o** | | |
| **u** | | |

Hierdie letters noem ons **vokale** (*vocals*). Dit is dieselfde letters as die letters in Engels.

**Oefening 10:**

| Soek die betekenis van die volgende woorde in die woordeboek op. Skryf dit neer. Leer dit vir 'n toets vir môre. |  |
|---|---|
| **Woord** | **Betekenis** |
| vriendelik | |
| hardloop | |
| telefoon | |
| huiswerk | |
| tekkies | |



(*Afrikaans is lekker*)

Kopiereg voorbehou

**Oefening 11: Voltooi die volgende trappe van vergelyking.**

| STELLENDE TRAP | VERGROTENDE TRAP | OORTREFFENDE TRAP |
|---|---|---|
| 1. Pulane se hare is kort. | 1. Tsidi se hare is ____ as Pulane s'n. | 1. Thabo se hare is die _______. |
| 2. Puleng se rok is mooi. | 2. Mary se rok is ______ as Puleng s'n. | 2. Sylvia se rok is die _______. |
| 3. Mary is ______. | 3. Pulane is ______ as Mary s'n. | 3. Puleng is die vriendelikste ___ . |
| 4. Sylvia kry _____. | 4. Veronica kry kouer as Sylvia. | 4. Thabo kry die ________ . |
| 5. Pulane se skoene is wit. | 5. Sylvia se skoene is ______ as Pulane s'n. | 5. Veronica se skoene is die ____ . |
| 6. Puleng hardloop _____. | 6. Mary hardloop vinniger. | 6. Thabo hardloop die ______ . |
| 7. Thabo is lank. | 7. Veronica is _______ . | 7. Mary is die ________ . |
| 8. Sylvia is maer. | 8. Pulane is ________ as Sylvia. | 8. Mary is die ________. |
| 9. Puleng is vet. | 9. Tsidi is _______ as Puleng. | 9. Veronica is die _______. |
| 10 Mary is skaam. | 10. Tsidi is _________ as Mary. | 10. Thabo is die _________. |

**Oefening 12: Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die blokkie te kies.**

| |
|---|
| vuurwarm, kliphard, potblou, plankdun, peperduur, beeldskoon, splinternuut, kurkdroog, stroopsoet, spekvet, |

1. Pulane se rok is baie blou; dit is ________ .
2. Tsidi se hare is droog; dit is _________ .
3. Mary is baie dun; sy is _________ .
4. Thabo se tekkies is baie duur; dit is _______.
5. Die bank is hard; dit is ______ .
6. Veronica se skoene is baie nuut; dit is _______ .
7. Puleng is baie mooi; sy is _______ .
8. Sylvia is baie soet; sy is ___________ .
9. Thabo is baie vet; hy is _________ .
10. Thabo se sweetpak is baie warm; dit is ______ .



(*Afrikaans is lekker*)

**Oefening 13: Bou sinne deur met die onderstreepte woorde te begin.**

1. dra; <u>die seun</u>;'n swaar tas
2. dra; 'n baadjie; <u>die onderwyser</u>
3. 'n pet; <u>die seun</u>; dra
4. <u>'n plant</u>; in die tuin; groei
5. <u>die onderwyser</u>; met die penne; skryf
6. <u>die telefoon</u>; op die tafel; staan
7. <u>die seun</u>; 'n hemp; dra
8. dra; 'n bril; <u>die onderwyser</u>.
9. het; bruin hare; <u>die seun</u>
10. <u>die onderwyser</u> ;'n boek; lees

Kopiereg voorbehou




**Soorte sinne: Daar is vier soorte sinne in Afrikaans.**

Die stelsin (*statement*): Die seun dra ’n tas.
Die vraagsin ( *question*): Dra die seun ’n tas?
Die bevelsin (*command*): Dra jou tas!
Die uitroepsin (*exclamation*): Ai, maar die tas is swaar!

**Oefening 14: Watter van die volgende sinne is ’n stelsin, vraagsin, bevelsin of uitroepsin?**

1. Die muur is grys geverf.
2. Is die onderwyser vriendelik?
3. Doen jou huiswerk!
4. Die tafel is netjies.
5. Die seun lyk moeg.
6. Die penne is in ’n blikkie.
7. Haal jou pet af!
8. Het die periode al begin?
9. Is die rekenaar toe?
10. Die blikkie met penne lê langs die liniaal.

**Oefening 15: Skryf ’n woord oor elke prentjie en maak ’n sin daarmee.**

| Prentjie | Woord | Prentjie | Woord |
|---|---|---|---|
|  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |
|  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |
|  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |
|  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |  | Woord:______________<br>Sin:_______________<br>____________________ |

(*Clip Art*)

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 2: Gesondheid

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * Jou mening oor ’n saak lug. |
| Lees en kyk | * ’n Begripstoets beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * Twee verhalende paragrawe skryf. |
| Taalstrukture en –konvensies | * Leestekens korrek gebruik.<br>* Intensiewe vorme leer.<br>* Verlede en toekomende tyd korrek gebruik.<br>* Trappe van vergelyking in sinne gebruik.<br>* Voor- en agtervoegsels<br>* Idiome |

## Luister en Praat: Gee ’n mening ...

### Voor jy praat

Die meeste mense word siek omdat kieme (*germs*) hulle liggame (*bodies*) binnekom. Hierdie kieme is so klein dat ’n mens hulle nie sonder’n mikroskoop (*microscope*) kan sien nie.

Kieme is orals rondom ons, maar ons kry hulle veral in vuil kombuise (*kitchens*), vuil toilette (*toilets*) en in vuil water.







(Geneem uit: *doityourself.com)*

Kyk na die volgende prentjies en vertel vir mekaar van nog ander maniere waarop kieme ons liggame binnekom of van ’n ernstige siekte wat jy onlangs gehad het.


MIV is’n virus (*virus*) wat in mense se bloed bly as hulle die virus opgedoen het. As MIV in jou liggaam beland, kan jy nie meer keer dat ander gevaarlike kieme jou siekmaak nie. Dit kan maande of jare duur voordat jy siek word van Vigs.

Mense is bang om Vigs te kry, daarom maak hulle baie stories oor Vigs op.

Baie families in ons land het iemand wat aan MIV/Vigs ly (*to suffer from*). Dis baie moeilik om vir so ’n persoon te sorg. Almal in so ’n familie moet help.
In die prentjie hieronder sien ons vir Eva en haar familie. Eva se ma is baie siek, want sy het MIV/Vigs. Eva is baie hartseer wanneer sy na haar siek ma kyk. Eva, haar broers en haar oudste suster moet almal help om haar siek ma te versorg (*to care for her*).

Kopiereg voorbehou

- Praat in julle groepe oor hoe die verskillende familielede (*family members*) oor Ma se siekte voel. Sê ook waarom dink jy voel hulle so.




**Gee nou jou mening (*opinion*)**

*'n Mens gee 'n mening wanneer jy sê hoe jy oor iets voel.*

***Dink jy mense met MIV/Vigs moet gratis (free) medisyne kry of moet hulle daarvoor betaal? Praat met jou maats hieroor*.**

**Terwyl jy praat:**

- Maak seker dat jy sê hoe jy regtig voel.
- Verduidelik (*explain*) jou mening.
- Praat stadig en duidelik.
- Behou (*keep*) oogkontak met jou maats (*audience*).

## Taal in konteks: Leestekens (die punt)

Aan die einde van alle stelsinne (*full sentences*) moet ons 'n punt (*full stop*) skryf om aan te dui dat ons sin klaar is en dat ons gereed is om met 'n nuwe sin te begin. As ons na'n punt met 'n nuwe sin wil begin, moet die nuwe sin altyd met 'n hoofletter (*capital letter*) begin.

Kyk na die volgende paragraaf. Dit is baie moeilik om te besluit waar een sin ophou en 'n nuwe sin begin as ons nie punte en hoofletters gebruik nie.

eva sorg graag vir haar ma omdat sy vir haar so belangrik is daarom wil sy seker maak dat haar ma net die beste behandeling (*treatment*) kry wanneer sy sleg voel eva se hele familie help haar met hierdie werk want hulle weet dat eva se ma baie siek is sy moet gereeld eet maar moet versigtig wees dat sy nie verkeerde kos eet wat haar sieker kan maak nie.

**Oefening 1**: Skryf nou hierdie sinne oor en voeg die punte op die regte plekke in en begin elke nuwe sin met 'n hoofletter.

## Woordeboekgebruik:

Wanneer 'n mens nie weet wat'n vreemde woord beteken nie, gebruik jy 'n woordeboek wat vir jou 'n duidelike betekenis (*meaning*) van 'n woord sal gee. Alle woorde in'n woordeboek is alfabeties (*in alphabetical order*) geplaas sodat jy enige woord maklik kan soek.

Kopiereg voorbehou

Hier is ’n voorbeeld van ’n woord wat in die HAT opgeneem is.

die woord waarvan jy die betekenis moet soek: die – teken dui lettergrepe aan

hoe word hierdie woord uitgespreek

die woord se betekenis

**pa – si – ënt’** *s.nw.* (uitspr. *pa-sjent’*) Persoon wat behandeling vir ’n siekte, ’n operasie of ’n ongeluk kry; sieke onder behandeling van ’n dokter. [L. *pati* ly]

(Uit: *HAT* 5de uitgawe 2005)

watter woordsoort is hierdie woord

uit watter taal kom hierdie woord

**Oefening 2**: Gebruik nou hierdie inligting en voltooi die opdrag hieronder soos aangedui.

2.1 Skryf die volgende woorde in die volgorde soos wat hulle in ’n woordeboek sal voorkom.

- medisyne
- voorskrif
- afspraak
- spreekkamer
- kieme
- inspuiting

2.2. Gaan soek die woord *medisyne* en verdeel dit in lettergrepe soos die woordeboek dit aandui.
2.3. Watter woord het volgens jou woordeboek die volgende betekenis?
“die vertrek waar ’n mens ’n dokter gaan spreek”
2.4. Kies die woord tussen hakies wat ’n mens volgens die woordeboek moet gebruik.
Sonder ’n (inspuiting/voorskrif) sal die kliniek nie vir jou pille gee nie.


## Woordeskat

Wanneer jy dokter toe gaan, sal jy dalk die volgende woorde moet ken. Leer hulle.

| | | |
|---|---|---|
| **afspraak** | *consultation* | jy reël ’n spesifieke tyd om dokter toe te gaan |
| **spreekkamer** | *consultation room* | die dokter se werksplek |
| **kliniek** | *clinic* | ’n plek waar siek mense gratis (*free)* medisyne kan kry |
| **inspuiting** | *injection* | wanneer jy medisyne met ’n naald deur jou vel kry |
| **voorskrif** | *prescription* | ’n brief waarmee jy medisyne by die kliniek gaan kry |
| **medisyne** | *medicine* | pille of stroop wat jou gesond maak |

Kopiereg voorbehou

## Woordeskataktiwiteit: voltooi die blokraaisel nadat jy die woordeskat geleer het.




| **Dwars** | **Af** |
|---|---|
| 1 *Jy drink dit om gesond te word.*<br>2 *Om 'n dokter te spreek, moet jy 'n___ maak.*<br>3 *Hulle maak 'n mens siek.*<br>4 *Die briefie waarop die dokter 'n mens se medisyne skryf wat jy moet drink.* | 1 *Hier wag jy voor jy die dokter kan spreek.*<br>2 *Eva en haar familie ___ haar siek ma.*<br>3 *Siek mense kan hier gratis medisyne kry.*<br>4 *Medisyne word met 'n skerp naald deur jou vel na die kieme gestuur.*<br>5 *MIV is 'n ____ .* |

## Taal in konteks: voor- en agtervoegsels

'n Mens vorm nuwe woorde deur voor-en agtervoegsels aan 'n woord te voeg sodat dit in die sin kan pas.


Voorbeeld: Die (vriend) man het aangebied om my te help.
Die vriend**elike** man het aangebied om my te help.
Omdat wiskunde (*maths*) baie moeilik is, is dit vir my (nie moontlik nie) om altyd volpunte (*full marks*) te kry.
Omdat wiskunde baie moeilik is, is dit vir my **on**moontlik om altyd volpunte te kry.

**Oefening 3**: Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.
1. Eva se ma het gister haar pille (drink).
2. Daar is baie (mens) wat graag vir Eva se ma wil sorg.
3. Eva en haar familie bly almal in 'n baie klein (huis).
4. Omdat Eva se pa (sonder werk) is, moet hulle self vir hulle eie kos sorg.
5. Eva se ma se lyf is baie seer, daarom is dit vir haar (gerieflik) om die heel dag te lê.
6. Eva sal dalk eendag 'n (verpleeg) word.

Kopiereg voorbehou

## Lees en kyk:
Woordeskat

kieme: *germs*
versprei: *spread*
druppeltjies: *drops*
hoes: *cough*
inasem: *inhale*



(*pendletonpanhter.wordpress.com*)

**Hoe versprei (*spread*) kieme.**

**Tuberkulose of TB**
TB-kieme word deur klein druppeltjies spoeg versprei ) of iemand wat TB het, hoes dit in die lug. As iemand anders die druppeltjies inasem, kry hulle ook tuberkulose. As 'n persoon met TB nie dokter toe gaan nie, kan hy of sy doodgaan.

**Cholera**
Mense kry cholera van drinkwater wat vol cholerakieme is. Kook jou water en gooi jodium by om die kieme dood te maak. As mense cholera het, moet hulle medisyne by die hospitaal of kliniek kry.




( *healthtlakandyou.com*)

**MIV/Vigs**
Vigs is 'n ander siekte wat van een persoon na 'n ander oorgedra word. Die MI-virus (kiem) lewe in'n mens se bloed. Gebruik altyd handskoene wanneer jy met mense werk wat seergekry het. Daar is baie medisyne wat 'n mens kan gebruik om jou gesond te maak.

**Vrae:**
1. Hoe word TB- kieme versprei?
2. Wat het 'n mens verkeerd gedoen as jy cholera het?
3. Hoe kan iemand TB kry?
4. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR. Motiveer jou antwoord.
   Jy kan net die water kook om kieme dood te maak.
5. Noem twee plekke waar mense medisyne vir cholera kan kry.
6. Kies die regte antwoord
   Jy kan die MIV-virus kry deur:

A die kiem in te asem.
B water te drink wat nie skoon is nie.
C te hoes.
D aan bloed te raak met die virus in.

7. Skryf WAAR of ONWAAR en motiveer jou antwoord.
   Iemand met MIV kan gesond word.
8. Hoekom dink jy is alle water in Suid-Afrika nie skoon genoeg om te drink nie?

Kopiereg voorbehou

**Oefening 5: Taal in konteks: intensiewe vorme**

Ons gebruik intensiewe vorm wanneer ons wil sê iets is **baie.... koud, rooi, groen.**

**Die intensiewe vorme kan onder andere met die woorde stok-, dood-, brand-, en bloed- gevorm word.**

| **stok** | **dood** | **brand** | **bloed** |
|---|---|---|---|
| stoksielalleen<br>stokdoof<br>stokflou<br>stokoud | doodsiek<br>doodstil | brandmaer<br>brandarm | bloedmin<br>bloedjonk<br>bloedrooi |

**Nog ander intenssiewe vorme om te leer is**

| |
|---|
| potblou<br>pikdonker<br>kurkdroog<br>plankdun<br>peperduur<br>grasgroen<br>blitsvinnig<br>vuurwarm<br>morsdood<br>bittermin<br>kliphard |

**Oefening 6: Vul die intensiewe vorm van die volgende woorde in.**

Nomsa en haar gesin bly tussen (1. baie groen) berge. Hulle is (2. baie arm) , want die medisyne is (3. baie duur). Nomsa se ma is (4. baie maer) en sy eet (5. baie min). Die suster is (6. baie jonk) en sy het 'n (7. baie blou) romp aan. Nomsa se ma is (8. baie flou) as hulle by die huis kom en dan moet sy (9. baie rooi) pille drink. Nomsa is (10. baie alleen), want haar ma is (11. baie siek.)

**Taal: Verlede Tyd (Past Tense) en Toekomende Tyd (Future Tense)**

| **Verlede Tyd (het ge..)** | **Toekomende Tyd (sal...)** |
|---|---|
| Sipho **lê** op die bed<br><br>Sipho **het** (lê) op die bed **gelê**<br><br>**Sipho het op die bed gelê** | Sipho **lê** op die bed<br><br>Sipho **sal** (lê) op die bed **lê**<br><br>**Sipho sal op die bed lê** |

Kopiereg voorbehou

**Oefening 7:**

| Skryf die volgende sinne in die **VERLEDE TYD** | Skryf die volgende sinne in die **TOEKOMENDE TYD** |
|---|---|
| 1. Sipho gaan dokter toe. | 1. Sipho gaan dokter toe. |
| Sipho ____ dokter toe ____. | Sipho_____ dokter toe _____. |
| 2. Die dokter luister na Sipho se hart. | 2. Die dokter luister na Sipho se hart. |
| Die dokter ____ na Sipho se hart ____. | Die dokter _____ na Sipho se hart _____. |
| 3. Sipho se hart klop vinnig | 3. Sipho se hart klop vinnig |
| Sipho se hart____ vinnig ____. | Sipho se hart _____ vinnig _____. |
| 4. Sipho hou van die dokter. | 4. Sipho hou van die dokter. |
| Sipho ____ van die dokter ____. | Sipho _____ van die dokter _____. |
| 5. Die dokter werk mooi met Sipho | 5. Die dokter werk mooi met Sipho |
| Die dokter ____ mooi met Sipho ____. | Die dokter _____ mooi met Sipho _____. |
| 6. Sipho maak sy hemp oop. | 6. Sipho maak sy hemp oop. |
| Sipho____ sy hemp _____. | Sipho ______ sy hemp _____. |
| 7. Die dokter gee vir Sipho medisyne | 7. Die dokter gee vir Sipho medisyne |
| Die dokter ____ vir Sipho medisyne ____. | Die dokter _____ vir Sipho medisyne _____. |
| 8. Sipho voel baie beter. | 8. Sipho voel baie beter. |
| Sipho _____ baie beter _____. | Sipho _____ baie beter_____. |

## Skryf en Aanbied:

**Skryf twee verhalende paragrawe**

Verhalende paragrawe vertel ’n storie.
Gewoonlik gaan die storie oor iets wat reeds gebeur het (*in the past*).
Verhalende paragrawe moet interessant wees.

Kyk na die volgende prentjies en skryf EEN paragraaf met ten minste vyf sinne oor elke prentjie.

Gebruik die opskrifte van elke prentjie vir jou paragraaf se titel.

Kopiereg voorbehou

# Die dag toe ek siek geword het

•



(Geneem uit: *Images RheumaBlog*)

**EN**

# Een oggend by die kliniek ...




(Geneem uit: *panoramio .com.)*

Kopiereg voorbehou

### Voordat jy skryf:

- Gebruik ’n kopkaart soos die volgende om elke paragraaf te beplan.




- Gebruik ’n woordeboek as jy met woorde se betekenisse sukkel.

### Terwyl jy skryf:

- Onthou om elke sin met ’n hoofletter te begin.
- Aan die einde van elke sin skryf ons ’n punt.
- Maak seker dat jy ’n werkwoord in elke sin het.

### Nadat jy geskryf het:

- Werk saam met ’n maat en maak seker dat julle paragrawe vyf sinne het.
- Maak seker dat julle nie die woorde verkeerd gespel het nie.
- Lees vir mekaar julle paragrawe en kyk of julle verstaan wat geskryf is.

## Taal in konteks: Idiome

**Woordeskatuitbreiding: Idiome**

**Leer die volgende idiome wat oor gesondheid gaan.**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hy is so gesond soos ’n vis in die water. | Hy is baie gesond. |
| 2 | Jy moet jou gesonde verstand gebruik. | Dink net nugter en logies. |
| 3 | Jy is so siek soos ’n hond | Jy is baie siek. |
| 4 | Jy kla steen en been oor die kliniek. | Jy kla baie. |
| 5 | Jy het jou vingers verbrand. | Jy is in die moeilikheid omdat jy oneerlik was. |
| 6. | Dit is ’n bitter pil om te sluk. | Dit is ’n moeilike ding om te aanvaar. |

Kopiereg voorbehou



(*Clip Art*)

**Oefening 8**

Vul die regte woorde in die spasies in:

1. Nomsa se ma is (siek) as die bure se dogter.
2. Die kombers oor die bed is die (sag) kombers in die huis
3. Die kliniek is die(skoon) in die Vrystaat.
4. Die klinieksuster is (mooi) as die dokter.
5. Nomsa se ma moet elke dag die (sleg) pille sluk.
6. Dit gaan (lang) neem vir Nomsa se ma om gesond te word as vir die bure se dogter.
7. Nomsa is die (fluks) in die woonbuurt.
8. Nomsa se ma is (swak) as haar broer, maar (sterk) as haar suster.
9. Nomsa-hulle se huis is die (klein) van al die huise.

## Hersiening: **Voltooi die volgende opdrag deur die instruksies te volg.**

| | |
|---|---|
| Tsepo is (1. baie siek) en sy ma en sy pa het hulle (2. baie dood) geskrik. Tsepo is die (3. siek) seuntjie in die hospitaal. Die dokter is (4. besig) as die ander dokters, maar sy is die (5. vriendelik) van al die dokters. Sy ma is (6. baie flou), want sy het (7. baie vinnig) gehardloop om by die hospitaal te kom. Tsepo se hart is seer en hy huil (8. hard) as al die kinders in die saal. Hy is (9. baie bang) vir die masker op sy gesig. Sy ma is trots op hom, want hy is die (10. oulik) seuntjie wat daar is. | 1. Gee ’n intensiewe vorm.<br>2. Gee ’n intensiewe vorm.<br>3. Skryf die regte vorm van die woord.<br>4. Skryf die regte vorm van die woord.<br>5. Skryf die regte vorm van die woord.<br>6. Gee ’n intensiewe vorm.<br>7. Gee ’n intensiewe vorm.<br>8. Skryf die regte vorm van die woord.<br>9. Gee ’n intensiewe vorm.<br>10. Skryf die regte vorm van die woord. |

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 3: Môre Juffrou, môre klas,
## ons voel lus vir leer vandag

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * prente oor skoolgaan bespreek<br>* na ŉ gedig luister, dit bespreek en vrae daaroor beantwoord |
| Lees en kyk: Begrip | * ŉ onderhoud inŉ skoolkoerant lees en vrae daaroor beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * ŉ dialoog skryf |
| Taalstrukture en -konvensies | * jou woordeskat uitbrei<br>* ŉ woordeskat-aktiwiteit doen<br>* leer hoe om leestekens in die direkte rede te skryf<br>* sinne met die korrekte woordorde skryf.<br>* die korrekte vraende voornaamwoorde kies<br>* ŉ woordeskat-blokraaisel doen<br>* direkte en indirekte rede doen |

## Luister en praat

**Praat: Pas en bespreek prente en beskrywings**

Voel jy elke oggend as jy by die skool kom lus vir leer?
Skoolgaan berei jou voor op die lewe. Jou toekoms is in jou hande. Skool is ’n klein wêreld waar jy moet leer om op jou eie voete te staan.

Voel jy party dae so?  of so? 



Hoekom dink jy voel die seun en die meisie nie dieselfde oor skoolgaan nie?
Gesels oor die prente en besluit wie die volgende sê:

| Die leerder sê: | meisie of seun? |
|---|---|
| 1. “ Ek is so bly oor my uitstekende punt vir Afrikaans.” | |
| 2. “ Hoekom het ek nie elke dag my huiswerk gedoen nie?” | |
| 3. “ Skoolgaan is lekker.” | |
| 4. “ Ek doen elke dag die werk wat van my verwag word.” | |
| 5. “Ons kry te veel huiswerk.” | |
| 6. “ As jy hard op skool werk kry jy goeie punte” | |

Skoolgaan help jou om selfrespek (*self respect*) en dissipline (*discipline*) te hê. Jy gaan skool toe om te leer. As jy hard leer, wag daar ŉ goeie toekoms (*future*) op jou.

- Gesels oor die foto’s.
- Skryf die korrekte nommer by een van die beskrywings hieronder.
- Besluit of skoolgaan jou hiermee gaan help.
- Sê ook hoe dit jou kan help of nie.

Kopiereg voorbehou

1. 
2. 
3. 
4. 
5. 
6. 
7. 
8. 

(*Clip Art*)


| Nr. | Beskrywing | Kan die prentjie jou help om goed op skool te doen? Gesels hieroor in groepe. ✔ ✕ | Sê ook hoe dit jou kan help of nie. |
|---|---|---|---|
| | om heerlike kos te eet | | |
| | om jou eie vliegtuig te hê | | |
| | om goed in sport te wees | | |
| | om lekker vakansie te kan hou | | |
| | om mooi te kan aantrek | | |
| | om 'n goeie werk te kry | | |
| | om te trou en gelukkig te wees | | |
| | om pryse te wen | | |

**Woordeskat**
**presteer:** *perform;* om goeie punte te kry
**selfbeeld:** *selfesteem;* hoe jy oor jouself voel
**toekoms:** *future;* dit wat nog gaan gebeur
**uitstekende:** *excellent;* baie goed
**verantwoordelik:** *responsible:* om rekenskap te gee
**verdien:** *earn;* om te kry waarvoor jy gewerk het

Party woorde kan verkeerd uitgespreek word: Wanneer 'n mens se mond rond is, is die klanke gerond. Wanneer 'n mens se mond nie rond is nie is die klanke ongerond.

Spreek die volgende woorde korrek uit.


Gebruik dan die woorde in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

|  **gerond** |  **ongerond** |
|---|---|
| vuur | vier |
| uie | eie |
| duur | dier |
| muur | mier |
| geur | gier |
| breuk | breek |
| kleure | klere |

Kopiereg voorbehou

**Luister na ’n gedig**
Jy gaan na die gedig ***Koos wil nie skool toe gaan*** luister en daarna vrae daaroor beantwoord.

**Voor jy luister:**


(*Clip Art*)

Beantwoord hierdie vrae:

1. Wat sien jy in die prentjie?
2. Wanneer gebruik ons dit?
3. Proe dit altyd lekker?

4. Luister na die titel van die gedig en kyk na die prentjie. Waaroor dink jy gaan hierdie gedig?

- Luister na die gedig.
- In die gedig is moeilike woorde. Kom ons leer hulle betekenis.
  Pas die verduideliking in kolom B by die woord in kolom A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. **benoud:** *to be worried;* | A. ’n baie slegte medisyne wat vir maagpyn help |
| 2. **gedaan:** *to be very tired;* | B. ’n grys kleur |
| 3. **kasterolie:** *castor oil;* | C. om baie moeg te wees |
| 4. **knuppel:** *a club;* | D. iets wat jy vir iemand sê om met ’n probleem te help |
| 5. **makeer:** *wrong;* | E. om baie bekommerd te wees |
| 6. **moedeloos:** *to be fed up;* | F. dit kan nie meer gebeur nie |
| 7. **pes:** *to keep on bothering someone;* | G. ’n hout voorwerp wat polisie gebruik om mee te slaan |
| 8. **raad:** *advice;* | H. om nie meer te weet wat om te doen nie |
| 9. **vaal:** *grey;* | I. om iemand aanmekaar te pla |
| 10. **van die baan:** *not possible anymore;* | J. ’n fout of probleem, iets wat verkeerd is |

**Terwyl jy luister:**

- Lees die vrae sodat jy weet waarvoor jy moet luister.
- Luister weer na die gedig.
- Skryf die vraagnommers in jou boek neer sodat jy die antwoorde net langsaan kan invul.
- Maak aantekening van belangrike inligting.

**Nadat jy geluister het :**
**Oefening 1: Beantwoord die vrae:**




1. Wie wil nie skool toe gaan nie?
2. Wat is sy ma se naam?
3. Noem die dokter se naam.
4. Waarom is sy ma so benoud?
5. Wat van Koos is baie seer?
6. Wat doen die dominee vir Koos?
7. Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR ? Skryf net die vraagnommer en jou antwoord neer.

7.1 Die dokter vind fout met Koos.
7.2 Die sersant dra ’n knuppel.


8. Watter soort medisyne gee tant San vir Koos om te drink?
9. Wat doen Koos toe tant San die medisyne bring?
10. Wat dink jy is fout met Koos?

Kopiereg voorbehou

**Taal: Verlede tyd (past tense)**

Ons gebruik die verlede tyd om te vertel van iets wat reeds gebeur/klaar gebeur het.

’n Sin word soos volg in die verlede tyd geskryf:




**Oefening 2: Verlede tyd**

Skryf die volgende sinne in die verlede tyd.

1. Koos gaan skool toe.
2. Dokter Daan gee vir Koos medisyne.
3. Koos lê in die bed.
4. Dominee kuier by Koos.
5. Koos drink medisyne.
6. Die sersant loop in die straat.
7. Tant San raas met Koos.
8. Koos skrik hom vaal.

## Lees en kyk

**Lees: ’n Onderhoud in ’n skoolkoerant**

Die redakteur (*editor*) van ’n skoolkoerant (*newspaper of school*), het met sy Afrikaansonderwyser, **gesels.**

**Voordat jy lees:**

Wat is ’n onderhoud (interview)?

**Terwyl jy lees:**

Lees die onderhoud.



**Mevrou Pretorius gee haar mening (*opinion*)**

Lucky: Is dit vir Mevrou lekker om skool te hou?

Mev. Pretorius: Ja, maar ek dink dit is lekkerder om ’n leerder te wees. Vandag het leerders baie kanse (*opportunities)*. Hulle kan met tegnologie werk. Leerders druk net ’n knoppie op hul selfoon om inligting van die internet te kry. Ek dink julle is baie gelukkig om vandag leerders te wees.


Lucky: Dis waar, maar ons het dinge soos dwelms (*drugs*) wat groot probleme

Kopiereg voorbehou

gee.
Mev. Pretorius: In ons tyd was daar ook dwelms. Dit was net nie so maklik om dit te kry nie.
Lucky: Baie leerders kry swaar op skool. Het Mevrou enige raad vir hulle?
Mev. Pretorius: Ek glo daar is **ses** maniere om skoolgaan te **oorleef** (*survive*).
**Wees** net **jouself**.
Moenie jou met ander leerders **vergelyk** (*compare*) nie.
Onthou om **nie die groep te volg nie**.
Hou by jou **waardes** (*values*) en **beginsels** (*principles*).
Wees **eerlik** met alle mense.
**Behandel** almal met **respek**.
Lucky: Baie dankie vir die gesels, Mevrou.
Mev. Pretorius: Dit was 'n plesier, Lucky.

**Nadat jy gelees het:**

**Oefening 3: Woordeskataktiwiteit:**
Gebruik die leidrade hieronder om die blokkiesraaisel te voltooi. Jy moet net die **vokale a, e, i, o, u en die konsonant y** invul. .




Leidrade:

| AF: | DWARS: |
|---|---|
| 1. 1, 2, 3, 4, ?, 6 (*number*) | 1. groot mense (*adults*) |
| 2. Dinge wat jy weet wat reg is (*your principles*) | 2.'n kans wat jy kry (*opportunity*) |
| 3. om die waarheid te praat (*to be honest*) | 3. iets wat betekenis het (*values*) |
| 4. so goed as wat jy kan (*your best*) | 4. om te kyk of een ding beter is as 'n ander (*compare*) |
| 5. om staat te maak (*to trust*) | 5. om nie onder te gaan nie (*to survive.*) |
| 6. jou pa en jou ma (*your parents*) | 6. ek en jy (***we***) |
| 7. daar waar jy leer (*a place where you learn*) | |
| 8. om te praat (to talk) | |

**Oefening 4: Beantwoord die vrae.**

1. Wie het met mevrou Pretorius gesels?
2. Watter vak gee mevrou Pretorius op skool?
3. Hoekom is dit vandag makliker op skool?
4. Lucky dink alkohol is 'n groot probleem op skool.
4.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?

Kopiereg voorbehou

4.2 Haal EEN WOORD uit die teks aan om jou antwoord te bewys.
5. Noem DRIE maniere waarop leeders in ’n skool kan oorleef.
6. Skryf EEN woord neer wat sê dat mev. Pretorius die onderhoud geniet het.
7. Hoekom dink jy is mev. Pretorius ’n goeie onderwyseres?

## Skryf en aanbied:

## ’n Dialoog

- In ’n dialoog praat twee mense met mekaar.
- ’n Dialoog het ’n spesifieke formaat.

Lees die dialoog hieronder en kyk mooi na die formaat.

| | | |
|---|---|---|
| Die sprekers se name staan teen die kantlyn.<br><br>Daar is ’n dubbelpunt na die naam.<br><br>Die dialoog word in blokvorm geskryf. | **Thandi: Wat gaan ons môre doen?**<br><br>**Vuyo: Ek moet my ma in die huis help. Ek sal eers vanmiddag iets kan doen.**<br><br>**Thandi: Dit maak nie saak nie. Ek is baie lus om ...**<br><br>**Vuyo: Ag, toemaar. Ek ...** | .<br>’n Reël word na elke spreker (spreekbeurt) oopgelaat.<br><br>Daar word geen aanhalingstekens gebruik nie. |

**Taal: Vraende voornaamwoorde**

Daar is woorde wat ons kan gebruik om vrae te vra. Hulle is:

wie (*who*)
wat (*what*)
waar (*where*)
wanneer (*when*)
watter (*which*)
hoekom (*why*)
hoe (*how*)



**Oefening 5: Skryf die sinne oor met die korrekte vraende voornaamwoorde.**

1. (Wat/Wie) is jou beste maat by die skool?
2. (Wat/Wie) doen jy na skool?
3. (Hoe/Wat) is in jou skooltas?
4. (Waar/Wanneer) is my skoolboeke?
5. (Hoe/Wanneer) is dit skoolvakansie?
6. (Hoekom/Hoe) is jou huiswerk nie gedoen nie?
7. (Wie/Hoe) laat begin jou skool?

Kopiereg voorbehou

**Oefening 6: Lees die goeie dialoog hieronder.**



(*Clip Art*)

*Thabo vertel vir sy ma hoe lekker dit vandag in die Afrikaanse klas was.*

Thabo: Mamma, vandag het die lekkerste ding met my gebeur.

Mamma: Wat het vandag gebeur?

Thabo: Studente van die universiteit was vanoggend by die skool.

Mamma: Wat het hulle by die skool gedoen, Thabo?

Thabo: Hulle het vir ons konsert gehou.

Mamma: Waaroor was die konsert?

Thabo: Die konsert was oor leerders wat die regte waardes het.

Mamma: My kind, watter waardes het die leerders gehad?

Thabo: Hulle was eerlik, het elke dag hulle huiswerk gedoen en hulle het die onderwysers gerespekteer.

Mamma: Dit maak my hart baie bly dat die studente vir julle van goeie waardes kom leer het.

**Oefening 7: Voltooi die volgende dialoog met jou eie woorde.**

**Vertel jou ma waarom die Afrikaansonderwyser, mnr. Tladi, baie trots (*proud*) op jou was.**

Thabo: Mamma, ______________________________________________________________.

Mamma: Waarom was hy trots op jou?

Thabo: Ek het die beste onvoorbereide toespraak gemaak.

Mamma: Waaroor ______________________________________________________________ ?

Thabo: ______________________________________________________________.

Mamma: Wat het jy alles daaroor gesê, Thabo?

Thabo: Ek het gesê ______________________________________________________________.

Mamma: My kind, wie het jou geleer om so goed Afrikaans te praat?

Thabo: ______________________________________________________________ .

Mamma: Thabo, ek is ______________________________________________________________ .

Thabo: Baie ______________________________________________________________ .

**Skryf: ’n Dialoog**

**Skryf ’n dialoog tussen jou en jou niggie/neef oor die nuwe hoërskool waarheen jy nou gaan.**

Kopiereg voorbehou

**Voor jy skryf**

- Gebruik ’n kopkaart om jou dialoog te beplan.
- Skryf die woorde neer wat jy kan gebruik.

**Terwyl jy skryf**

- Geen aanhalingstekens word gebruik nie
- Die sprekers se name kom langs die kantlyn.
- ’n Dubbelpunt word na die name gebruik.
- Laat ’n reël oop na elke spreker se woorde.

**Nadat jy geskryf het**

- Lees die dialoog weer en skryf dit netjies oor.

## Taal in konteks:

**Direkte en indirekte rede**

As ons wil oorvertel wat iemand gesê het, gebruik ons die indirekte rede. Volg die volgende stappe om die **direkte rede** na die **indirekte rede** te verander.

**Thabo sê : “ Mnr. Tladi sing mooi. ”**

Stap 1: Trek die dubbelpunt dood. Thabo sê ~~:~~ “Mnr. Tladi sing mooi.”

Stap 2: Trek die aanhalingstekens dood. ~~“~~ Mnr. Tladi sing mooi. ~~”~~

Stap 3: Skryf in die plek van die dubbelpunt dat. Thabo sê **dat** ...

Stap 4: Soek die werkwoord en skuif dit na die einde van die sin. Thabo sê dat mnr. Tladi sing mooi.

Stap 5: Skryf die sin korrek oor: **Thabo sê dat mnr. Tladi mooi sing**.

**Oefening 8: Skryf die volgende sinne in die indirekte rede.**

1. Die onderwyser sê: “Thandi lees baie mooi.”
2. Mnr. Tladi sê: “ Thabo werk baie hard.”
3. Mamma sê: “Thabo praat goeie Afrikaans.”
4. Thabo sê: “Die leerders hou van Afrikaans.”
5. Mnr. Tladi sê: “Die leerders doen huiswerk.”

**Taal: Woordorde**

- Die bywoord van tyd, wyse en plek volg mekaar altyd op. Tyd kom altyd na die werkwoord, dan wyse (hoe iets gedoen word) en dan volg plek.
- Die **bywoord van tyd** word bepaal deur **wanneer** te vra. Wanneer is die konsert?
- Die **bywoord van wyse** word bepaal deur **hoe** te vra. Hoe swem die seun?
- Die bywoord van plek word bepaal deur **waar/waarheen** te vra.

Kopiereg voorbehou

**Oefening 9: Voltooi die onderstaande tabel**

.

| | TYD (time) | WYSE (manner) | PLEK (place) | WERKWOORD (verb) |
|---|---|---|---|---|
| | *wanneer?* | *hoe?* | *waar?/ waarheen?* | |
| Thabo het | gister | goed | in die klas | gepraat |
| Thabo sal | | | | lees |
| Thabo het | | fluks | | |
| Thabo het | verlede week | | | |
| Thabo sal | môre | | by die huis | |

**Oefening 10: Skryf die volgende sinne oor deur met die onderstreepte woord te begin.**

1. Die lekkerste ding het <u>vandag</u> met my gebeur.
2. Studente van die universiteit was <u>vanoggend</u> by die skool.
3. Die studente het <u>gister</u> konsert gehou.
4. Studente het <u>verlede jaar</u> die regte waardes gehad.
5. Mamma sal <u>môre</u> bly wees.

**Al die woorde is woorde wat tyd aandui.**

**Oefening 11: Skryf die antwoorde van die volgende sinne neer.**

1. Hoe het Thabo gister gewerk? .
2. Hoe sal die studente môre konsert hou?
3. Hoe bly was Mamma gister?
4. Hoe leer Thabo vandag?
5. Hoe het Thabo verlede jaar Afrikaans gepraat?

**Al die antwoorde is woorde wat wyse aandui.**

**Oefening 12: Onderstreep die woorde wat sê op watter plek (*place)* gebeur het**.

1. Thabo het gister hard by die skool gewerk.
2. Die studente speel vandag baie mooi op die verhoog toneel.
3. Mamma sal môre fluks in die huis werk.
4. Die seun het verlede week baie in die klas gepraat.
5. Die sokkerspan sal volgende week fluks op die sokkerveld oefen.

**Al die woorde wat jy onderstreep het, dui plek aan.**

**Oefening 13: Rangskik die woorde wat tyd, wyse en plek aandui in die regte volgorde.**

1. Thabo het (skool toe;vroeg; elke dag) gegaan.
2. Mamma het (verlede week; fluks (*diligent);* in die kombuis) gebak.
3. Mnr. Tladi het (in die klas; baie mooi; gister) gelees.
4. Die kinders het (mooi; verlede maand; in die konsert)gesing.
5. Die dogters het (vinnig; in die saal; gisteraand) huiswerk gedoen.

Kopiereg voorbehou



**Oefening 14: Gee die regte vorm van die woord tussen hakies deur –de of –ende agter die werkwoord te voeg.**

1. Juffrou maak die (praat) kinders stil.
2. Die (sit) kinders leer graag.
3. Die (slaap) kinders lê op die banke.
4. Die (staan) vrou is’n onderwyseres.
5. Die leerders is (sien) blind.

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 4: Ubuntu

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * informele gesprekke oor gemeenskappe voer |
| Lees en kyk: Begrip<br><br>Kortverhaal: Lehlohonolo | * karakters in die kortverhaal: Lehlohonolo bespreek<br>* die kortverhaal vir inligting en begrip lees<br>* karakterontwikkeling bespreek |
| Skryf en aanbied | * ’n aansoekvorm invul<br>* op prosesskryf fokus |
| Taalstrukture en-konvensies | * punktuasie en konvensies van direkte en indirekte<br>* rede toepas<br>* taalfoute uit die aansoekvorm regmaak<br>* woordeskat uitbrei |

## Luister en praat



## Praat: klasbespreking

## Praat oor die volgende:


- Wat is Ubuntu?
- Waar bly jy?
- Wie bly almal daar?
- Hoe lyk dit in jou woonbuurt (*suburb*)
- Wat is positief in jou woonbuurt?
- Wat pla jou in jou woonbuurt?
- Wat dink jy moet gedoen word om dit te verander?
- Wat sou jy doen om mense se lewens te verander as jy die burgemeester was?

## Praat: groepbespreking

**Kyk baie mooi na die prente op die volgende bladsy en doen dan die volgende:**

- Verdeel in groepe van 4.
- Kies enige 3 nommers van 1 tot 12.
- Maak beurte om oor die prentjie te praat wat jy gekies het.
- Terwyl jou maats praat, skryf jy nuwe woorde neer.

Kopiereg voorbehou




(*Clip Art*)

**Woordeskat**

Brandweer ( *fire brigade*); kliniek (*clinic*); medisyne (*medicine*); verpleegster (*nurse*); poskantoor (*post office*); posbus (*post box*); speelpark (*play park*); rommel strooi (*litter*); inkopies doen (*shopping*); inligting (*information*); predikant (*minister*); ou mense (*old people*); publieke telefoon (*public telephone*)

## Lees en kyk

**Kortverhaal**

**Voor jy lees**


- Kyk na die prentjie en sê waaroor die kortverhaal sal gaan?
- Hoeveel karakters dink jy is in die kortverhaal?
- Wie is die skrywer van die kortverhaal?

**Terwyl jy lees**

- Lees die kortverhaal hieronder.
- Luister na die verduideliking van moeilike woorde.

Kopiereg voorbehou

**LEHLOHONOLO - Fanie Viljoen**



Dit is nog vroeg toe Lehlohonolo by die taxistaanplek in die stad aankom. Sy oupa, Kagisho, het hom gevra om die dag uit te help by sy kosstalletjie. Oupa Kagisho moet dokter toe gaan en het vir Hloni twintig rand beloof as hy die stalletjie beman. Hloni help graag sy oupa. En twintig rand is mos baie geld!

Die stad is stadig besig om lewe te kry. Die taxi's kom die een na die ander van die townships af. Hulle laai hulle passasiers af, en ry dan terug om nog mense te gaan haal.

Hloni sluit die koswaentjie oop. Hy sit die groot sak wors wat hy saamgebring het op die toonbank neer. Toe maak hy die sink-bedieningsvenster oop. Die vars lug stroom die waentjie binne. Hloni buk en haal 'n pot onder die toonbank uit. Hy gooi water in die pot en meet die mieliemeel versigtig af soos sy oupa hom geleer het. In 'n ander pot begin hy 'n sous maak. Die wors braai oor 'n gasrooster.

" Môre, Hloni!" hoor hy iemand roep. Hloni sien dis Bonang, die groenteverkoper in die stalletjie langsaan.

" Môre, Bonang."" Waar is jou oupa vandag?" vra Bonang terwyl hy 'n appel skil met sy knipmes. " Hy is dokter toe," sê Hloni. " Ek verkoop vandag die kos vir hom."

" Jy moet gou maak met daardie pap," lag Bonang. "Ek is al lekker honger!"

" Ek hoop jy het geld gebring. Ek gee nie kos verniet weg soos my oupa partykeer maak nie."

"Ai, dit gaan maar sleg met die groenteverkoper deesdae. Dalk kan ek bietjie afslag kry?"

Hloni skud net sy kop en draai die wors om op die rooster. Die kos se reuk maak hom ook nou honger.

Terwyl hy wag vir die kos om gaar te word, sien Hloni hoe die wolke begin saampak. Hy hoop nie dit begin nou reën nie. Dit sal al die kliënte wegjaag. En netnou kry hy nie sy geld soos sy oupa beloof het nie.

Maar Hloni is verniet bekommerd. Die eerste kliënte kom 'n uur later. Gelukkig is die kos reg. Hloni vat die geld by die vrou en maak seker dat hy vir haar die regte kleingeld gee. Toe is die tweede kliënt ook daar. Dit lyk vir Hloni of dit 'n goeie dag sal wees.

"Lyk my jy gaan lekker ryk word vandag," sê 'n seun met 'n stukkende rooi T-hemp vir Hloni. Die seun loop verby die stalletjie. Hloni glimlag en help die volgende kliënt.

"Jy moet oppas vir daardie seun wat nou net hier verbygeloop het," sê Bonang. " Sy naam is Tokoloho. Hy is 'n kwaaddoener."

Kopiereg voorbehou

Hloni skuif die geldblikkie weg sodat mense wat verbystap dit nie so maklik kan sien nie. Dit is goed dat Bonang hom gewaarsku het. Hy wil nie nog skade ly ook nie. Kosmaak is harde werk.

Later die oggend dreun die wolke weer hard. Die wind begin ook sterker waai. Mense loop vinnig heen en weer voor die stalletjie. Partykeer stop iemand wat die reuk van die warm kos gekry het. Hloni sit die soveelste noot in sy geldblikkie toe Tokoloho weer verbystap.

"Sjoe, maar dit gaan goed vandag," sê Tokoloho. "Lyk my die mense is honger."

Hloni antwoord hom nie. Hy raak bang. Dit is nou die tweede keer dat Tokoloho dit sê. Dit lyk vir hom al meer of Bonang reg was. Daardie Tokoloho wil seker net kom kwaaddoen.

Een-uur die middag is dit baie besig by die kosstalletjie. Hloni kan nie byhou om almal te bedien nie. Gelukkig het hy genoeg kos gemaak. Sy oupa het hom vertel hoeveel wors hy moet gaar hê en hoeveel pap en sous. Sy oupa ken mos nou al die mense. Hy weet hoeveel hy elke dag verkoop.

Twee-uur raak dit weer stiller. Daar is nou net af en toe iemand wat kom kos soek. Hloni sien vir Tokoholo by een van die taxi's staan, nie ver van die kosstalletjie af nie. Hloni kyk na die geldblikkie. Dit is nou al so vol geld.

"Bonang," roep Hloni na sy buurman. "hoe weet jy dat Tokoloho 'n kwaaddoener is?"

"Ag, ek weet dit net. As jy so lank soos ek hier staan, leer jy mos mense ken. Ek weet mos jy kan nie sommer enige iemand vertrou nie."

Hloni kyk na Tokoloho. Hy lyk nogal na iemand wat jy nie kan vertrou nie. Kyk net hoe stukkend is sy klere. Hy lyk soos een van die kinders wat van die huis af weggeloop het en nou saans op straat slaap.

(Geneem uit *Mengelmoes* saamgestel deur Maritha van Aswegen)

**Woordeskat:**

| | |
|---|---|
| kosstalletjie (*food stall*) | die stad is besig om lewe te kry ( *The city is becoming alive*) |
| passasiers (*passengers*) | toonbank ( *counter*) |
| meet (*measure*) | skil (*peel*) |
| honger (*hungry*) | knipmes*(jack knife*) |
| verniet (*free*) | deesdae (*at the present time*) |
| saampak (*gather*) | beloof (promise) |
| bekommerd (*worried*) | regte kleingeld (*correct change*) |
| tweede (*second*) | lekker ryk (*very rich*) |
| stukkende (*torn*) | glimlag (*smile*) |
| kwaaddoener (*trouble maker*) | skuif (*shift*) |
| hom gewaarsku (*warned him*) | skade ly (*encounter a loss*) |
| noot (*paper money*) | baie besig (*very busy*) |
| stiller (*more quiet*) | saans op straat slaap ( *he sleeps in the street at night*) |
| nie sommer enige iemand vertrou nie (*cannot trust everybody)* | |

**Oefening 1: Kom ons kyk hoe goed jy die verhaal verstaan.**

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Wie was Lehlohonolo (Hloni) se oupa?
2. Wat se werk het sy oupa gedoen?
3. Waar het sy oupa kos verkoop?
4. Hoekom het sy oupa die dag nie gaan werk nie?
5. Hoeveel geld sou sy oupa hom daarvoor betaal?
6. Noem TWEE kosse wat Hloni eerste begin maak het?
7. Wie was in die stalletjie langs Hloni?
8. Wat het hy verkoop?
9. Noem TWEE redes waarom Hloni nie wou gehad het dit moet reën nie.

Kopiereg voorbehou

10. Waaroor was Hloni bekommerd?
11. Wie het vir Hloni gesê: “Lyk my jy gaan lekker ryk word vandag.”
12. Watter klere het Tokoloho gedra?
13. Wat is ’n kwaaddoener?
14. Wie het gesê Tokoloho is ’n kwaaddoener?
15. Waarom het Hloni die geldblikkie weggeskuif?
16. Kies die regte antwoord:
    Hloni kan nie byhou om almal te bedien nie, beteken...
    A. daar is nie baie mense wat kos by Hloni koop nie
    B. die mense hou nie van Hloni se kos nie
    C. die mense wil almal op dieselfde tyd van Hloni se kos koop
    D. daar is nie genoeg kos vir die mense nie.
17. Hoe het Hloni geweet hoeveel kos om te maak?
18. Waarom het Hloni bang geword?
19. Kies die regte antwoord. Hy lyk nogal na iemand wat jy nie kan vertrou nie.
    Hier word gepraat van:
    A. Kagisho
    B. Hloni
    C. Bonang
    D. Tokoloho
20. Hoe het Tokoloho vir Hloni gelyk toe hy by die taxi’s staan? Noem DRIE dinge.

**Lees verder wat met Hloni in dié kortverhaal gebeur het.**

Die wind ruk skielik aan die koswaentjie. En toe begin dit reën. Sommer baie hard. Dit reën by die stalletjie in. Hloni probeer keer. Hy maak die gas vinnig toe en sit die deksels op die potte. Alles is skielik nat. Die koswaentjie se dak lek en water stroom teen die muur af.

Buite hardloop mense vir skuilplek onder die taxistaanplek se sinkdak.

“Moet ek jou help?” vra iemand. Toe Hloni opkyk, sien hy dit is Tokoloho.

“Nee, ek sal regkom,” sê Hloni, maar Tokoloho is klaar besig om die koswaentjie se bedienvenster toe te maak. En skielik is dit donker binne. Hloni hoor die reën al harder slaan teen die waentjie se kante.

Toe is Tokoloho skielik hier binne by hom in die waentjie. Hloni se hart klop al vinniger. Hy onthou wat Bonang gesê het. Tokoloho is ’n kwaaddoener.

En nou is hy hier by hom!

Tokoloho praat nog, maar Hloni hoor nie wat hy sê nie. Hy probeer net dink aan wat hy moet doen. Waar is die geld? Hloni voel in die donker vir die blikkie geld. Waar is dit?

“Sjoe, nou reën dit darem erg!” Hloni sien dat daar nou nog iemand in die waentjie is. Dis Bonang! Hy het seker gesien Tokoloho klim in die koswaentjie, dink Hloni. En toe kom hy hom help voordat Tokoloho sy geld steel.

“Bonang!” roep Hloni. “Ek is bly jy is hier.”

“Jy moet die koswaentjie toesluit en saam met die ander mense onder die dak gaan staan,” sê Bonang. “Kyk net hoe lek die waentjie se dak.”

Hloni voel weer in die donker vir die geldblikkie. Waar is dit? Hy het dit dan hier agter gesit waar niemand dit kan sien nie.

“Die geld is weg!” roep Hloni. Hy is nou seker dat dit is nie meer waar hy dit gelos het nie.

“Tokoloho, dis jy! Jy het my geld gevat

“Ek het nie jou geld nie,” sê Tokoloho.

“Ja, jy het dit. Ek het lank hard daarvoor gewerk. Gee dit terug. Dit is my oupa se geld. Hy moet gaan kos koop daarmee. En hy moet die dokter betaal.”

“Ek het nie jou geld nie!”

Kopiereg voorbehou

"Bonang, help my!" roep Hloni, maar die koswaentjie se deur swaai oop en Bonang spring uit.

"Dit was hy!" roep Tokoloho.

En Hloni sien hy is reg. Bonang hardloop tussen die mense in. Dit lyk of hy iets wegsteek onder sy baadjie.

"Ek sal hom vang!" sê Tokoloho. Hy hardloop agter Bonang aan. Hloni sien net hoe die mense 'n pad oopmaak vir die twee mans. Hy begin ook hardloop. Wat as Bonang en Tokoloho saamwerk?" dink Hloni skielik. Dit is mos wat skelms partykeer doen.

Hloni wil huil. Die mense kyk hom verdwaas aan as hy tussen hulle inhardloop. Waar is Bonang en Tokoloho nou? Hy was te stadig. Het hulle weggekom? Nee, daar voor lyk dit of die mense saambondel. Van die mans roep. En toe gil iemand. Wat het daar voor gebeur?

Hloni hardloop nou nog vinniger. Hy stamp die mense uit die pad. Hy is nou by die plek waar die mense saambondel. Toe sien hy hoe die mans iemand teen die grond vasdruk. Dit is Bonang. Die mans sukkel om 'n mes uit sy hande te kry. Daar is bloed aan die lem.

'n Vrou staan op haar knieë langs 'n seun. Tokoloho. Sy druk 'n sakdoek oor die meswond op sy skouer.

"Tokoloho?" sê Hloni. Hy sien hoe die seun se oë stadig na hom toe draai.

"Ek het jou geld teruggekry," sê Tokoloho. Sy vingers vat-vat na die geld blikkie langs hom. En nou hou hy dit na Hloni toe uit.

"Dankie, Tokoloho." Hloni se stem is sag. "Bonang het gesê dat jy 'n skelm is, maar ek sien nou dat jy 'n goeie vriend is."

Tokoloho glimlag.

Hloni hou sy hand uit na Tokoloho. Hy help hom regop. "Kom saam met my," sê Hloni. "Ek sal jou help om by die dokter te kom."

(Geneem uit *Mengelmoes* saamgestel deur Maritha)

**Woordeskat:**

Die wind ruk skielik aan die koswaentjie (*The wind is suddenly blowing against the food stall*)

| | |
|---|---|
| vertrou (*trust)* | Die dak lek. (*The roof leaks*) |
| skuilplek (*shelter)* | donker (*dark)* |
| wegsteek (*to hide something*) | vang (*catch)* |
| partykeer (*sometimes)* | saambondel (*packed)* |
| gil (*scream*) | stamp (*bump*) |
| vasdruk (*press against*) | lem (*blade*) |
| meswond (*knife cut*) | Hy help hom regop (*He helps him to get up*) |

**Oefening 2: Beantwoord die volgende vrae oor Lehlohonolo.**

1. Waarom het Hloni die waentjie se deur toegemaak?
2. Voltooi die volgende sin: Die koswaentjie se ___ het gelek, daarom het alles ____ geword toe dit begin reën.
3. Wie het Hloni gehelp om die waentjie toe te maak?
4. Kies die regte antwoord. Hloni se hart het geklop omdat hy ____was
   A. hartseer
   B. bang
   C. bly
   D. siek
5. Waarom wou Hloni nie alleen saam met Tokoloho in die waentjie wees nie?
6. Wie, het Hloni eers gedink, het sy geldblikkie gesteel?
7. Wie was toe die dief?
8. Waarheen het hy met die geld gehardloop?
9. Wat het Bonang in sy hande gehad?
10. Noem TWEE goed wat Hloni met sy geld moes betaal.
11. Waar het Tokoloho 'n meswond gehad?

Kopiereg voorbehou

12. Hoe het Hloni sy geldblikkie teruggekry?
13. Wat het Hloni ontdek toe hy Tokoloho gehelp het?
14. Wie het Tokoloho gehelp om dokter toe te gaan?
15. Watter TWEE lesse leer jy uit die kortverhaal?

**TAAL IN KONTEKS:**

**Leestekens maak dit makliker om te lees.**

| | | |
|---|---|---|
| **A B C** | Hoofletters | **S**inne en name begin met hoofletters, bv.<br>**M**pho het **D**insdag kinders by **T**shepo se huis in **W**elkom besoek. |
| **.** | Punt (*full stop*) | Daar is altyd ’n punt aan die einde van ’n sin. |
| **,** | Komma (*comma*) | Daar kom altyd ’n komma voor **maar** en **want**, bv.<br>Die kind huil, **want** sy het geval. |
| **?** | Vraagteken (*question mark)* | Daar kom altyd ’n vraagteken na ’n vraag gevra is, bv.<br>Hoeveel kinders is in die skool? |
| **!** | Uitroepteken (*exclamation mark)* | Gebruik ’n uitroepteken aan die einde van ’n uitroepsin en ’n bevelsin, bv.<br>Vee die strate! |
| **:** | Dubbelpunt *(colon)* | Jy gebruik ’n dubbelpunt by die direkte rede.<br>Meneer sê: “ Kinders, julle moet elke dag julle huiswerk doen.” |
| **“ ”** | Aanhalingstekens (*inverted commas)* | Wanneer iemand se direkte woorde gebruik word, bv.<br>Meneer sê: “ Kinders, julle moet elke dag julle huiswerk doen.” |

**Oefening 3: Skryf die volgende sinne oor en maak die leestekens reg.**

1. mev. letuma sê Ons kinders is baie bly oor die kos
2. mnr. maduna vra “Hoeveel kinders eet by die ander skole
3. sjoe daar is baie kinders wat honger is.
4. tien vrouens help om kos te maak want daar is baie kinders.
5. ubuntu help baie mense maar daar is nog  steeds baie arm mense.

## Skryf en Aanbied:

### Oefening 4: Vul ’n vorm in

’n Mens vul ’n vorm in om aansoek te doen vir ’n huis, vir nuwe werk, om by die biblioteek aan te sluit en om by die kliniek medisyne te kry.

Kopiereg voorbehou

**Aansoekvorm om by die biblioteek aan te sluit.**

| | | |
|---|---|---|
| *'n Vorm wat slordig en onvolledig voltooi word, skep 'n swak indruk.*<br><br>*Gebruik formele taal.*<br><br>*Beantwoord slegs dit wat gevra word.* | **PERSOONLIKE BESONDERHEDE:**<br>**Van**: *Baloyi*<br>**Naam**: *John*<br>**Stad/dorp:** *Mahikeng*<br>**Provinsie:** *Noordwes*<br>**Identiteitsnommer:** *9708140074084*<br>**Woonadres:** *Nelson Mandela rylaan 34 Mahikeng*<br>**Poskode:** *2735*<br>**Posadres:** *Posbus 411 Mahikeng*<br>**Poskode:** *2735*<br>**Telefoonnommer:** *018 381 2323*<br>**Selfoonnommer:** *071 345 6789*<br>**BELANGSTELLINGS**: *Lees, natuur* | *Spel korrek en moenie uitkrap nie.* |

Ubuntu, 'n gemeenskapsentrum, het kinders nodig om in die gemeenskap te help. Jy wil ook graag help. Voltooi die onderstaande aansoekvorm netjies en handig dit by jou skoolhoof in.

**Voor jy skryf**

- vul die vorm netjies in.
- gebruik formele taal
- beantwoord net dit wat gevra word.
- lees die aansoekvorm wat jy moet invul.
- beplan jou antwoorde en skryf eers die vorm op 'n blaai.

**Terwyl jy skryf**

- moenie spelfoute maak wanneer jy 'n vorm invul nie.
- skryf netjies en duidelik.
- gee die regte inligting.
- redigeer jou werk voordat jy dit finaal netjies skryf en inhandig.

**Woordeskat**

| |
|---|
| persoonlike*(personal);* besonderhede (*detail*); belangstellings (*interests);* gunsteling (*favourite);*<br>dui aan *( indicate);* kleuters (*toddlers);* keuse (*choice*) |

Kopiereg voorbehou

**AANSOEKVORM: UBUNTU**

**PERSOONLIKE BESONDERHEDE:**

Van:________________________________________ Naam: _______________________________

Graad:______________________________________ Skool: _______________________________

Stad/dorp: __________________________________ Provinsie: _____________________________

Identiteitsnommer: ____________________________________

Woonadres: __________________________________________________________________________

_________________________________ Poskode: ______________________________

Posadres: ___________________________________

__________________________________ Poskode: _____________________________

Telefoonnommer: ___________________________ Selfoonnommer: ______________________

E-posadres: _______________________________________________________________________

**BELANGSTELLINGS:**

Gunsteling kos:_____________________________________________________________________

Gunsteling sport: ___________________________________________________________________

Gunsteling musiek: _________________________________________________________________

Dui met 'n X aan waar jy graag sal wil help:

- Kleuters ☐
- Tieners ☐
- Bejaardes ☐
- Hospitale ☐
- Sopkombuis ☐

Skryf in 5 kort sinne waarom jy graag by die plek van jou keuse sal wil help:

_____________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________

Handtekening: ____________________ Datum: _______________

Kopiereg voorbehou

## Taal in konteks: Direkte en indirekte rede

Hoe vertel ons iets oor wat ons gehoor het?



Thandi sê: “ Ek lees die boek.”
Thandi sê dat sy die boek lees.

Watter woord in die tweede sin het verander?
In die indirekte rede verander die voornaamwoorde.

| Direkte | Indirekte |
|---|---|
| ek | hy/sy |
| jy | hy/sy |
| my | sy/haar |
| jou | sy/haar |
| myne | syne/hare |
| joune | syne/hare |
| ons | hulle |
| julle | hulle |

**Oefening 5: Skryf die volgende sinne in die indirekte rede.**

1. Thandi sê: “Ek hou van my maat.”

   Thandi sê dat ___ van ___ maat hou.
2. Thabo sê: “Thandi maak haar huis skoon.”

3. Thandi sê: “Thabo help my ouma.”
4. Mev. Motaung sê: “Ons lees in die biblioteek.”

5. Thandi sê vir Thabo: “Jy praat baie.”
6. Thandi sê vir Thabo: “Die boeke is joune.”
7. Mev. Motaung sê: “Die ander boeke is myne.”
8. Thabo sê: “Ek lees graag in die biblioteek.”
9. Thabo sê: “Ons is goeie maats.”

## Hersieningsoefening: Kortverhaal

1**. Voltooi die volgende paragraaf. Skryf net die nommer en jou antwoord .**

1.1 ___ was Lohlohonolo se oupa wat ’n 1.2 ___gehad het. Hy het 1.3 ___, pap en 1.4____ verkoop. Oupa het
Hloni 1.5____rand vir die dag se werk betaal. Bonang is die 1.6____langs Hloni se stalletjie. (6)

2. Waaroor was Hloni bekommerd? (2)
3. Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is:
   Die vrou het meer geld gegee as wat die kos se prys was. (1)

Kopiereg voorbehou

4. Skryf EEN woord neer om jou antwoord in vraag 3 te bewys. (1)
5. Kies die regte antwoord om die sin te verduidelik.
   *Dit lyk vir Hloni of dit 'n goeie dag sal wees, beteken ...*
   A. die son gaan skyn
   B. die mense gaan hom groet
   C. baie mense gaan nie kos by hom koop nie
   D. hy gaan baie geld kry vir die kos wat hy verkoop. (1)

6. Watter onware storie het Bonang oor Tokoloho vertel? (2)
7. Vertel hoekom Hloni en Tokoloho alleen in die koswaentjie gestaan het. (2)
8. Verduidelik hoe Hloni se geldblikkie gesteel is? (2)
9. Wie het die dief gevang? (1)
10. Hoe het Hloni sy dankbaarheid teenoor Tokoloho gewys? Noem TWEE dinge. (2)

**[20]**

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 5: Ken jy die land

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * praat oor die volke in Suid-Afrika.<br>* luister na inligting oor die provinsies |
| Lees en kyk: Begrip | * ’n teks oor die volke van Suid-Afrika lees.<br>* ’n plakkaat lees.<br>* ’n teks oor kommunikasie opsom. |
| Skryf en aanbied | * ’n plakkaat lees.<br>* woorde wat by ’n plakkaat gebruik word, leer.<br>* leer om ’n plakkaat te maak. |
| Taalstrukture en -konvensies | * afkortings leer.<br>* dieregeluide leer. (werkwoorde gebruik)<br>*meervoude en verkleining doen.<br>* telwoorde leer spel.<br>*trappe van vergelyking leer en gebruik. |

## Luister en praat

**Praat: Oor prente**

1

2

3


4

5

6

7

8

9


Bron: *Google - prente*

1. Aan watter land dink jy as jy na die prente kyk?
2. Sê waaraan jy dink as jy na die prente kyk?
3. Voltooi die tabel. Tel hoeveel leerders aan die verskillende volke van Suid-Afrika behoort.

| Volk | Getal leerders |
|---|---|
| Basotho | |
| Xhosa | |
| Zulu | |
| Ndebele | |
| Tswana | |
| Venda | |
| Tsonga | |
| Swazi | |
| Khoi- San | |

Kopiereg voorbehou

## Luister na inligting (*information*) oor die provinsies van Suid-Afrika




**Voor jy luister:**
1. Wat is ’n provinsie?
2. In watter provinsie bly jy?
3. In watter provinsie bly jou oupa en ouma?

**Terwyl jy luister:**
1. Luister na die teks.
2. Lees die vrae.
3. Luister weer na die teks.
4. Luister weer na die teks en maak aantekeninge.
5. Doen die vrae.

**Woordeskat:**
Provinsie (*Province*): deel van Suid-Afrika.
Sonneblomme (*Sun flowers*): groot geel blomme wat hulle koppe na die son draai.
Bekendste (*most famous*): plek wat baie mense van weet.

**Nadat jy geluister het:**
Beantwoord die volgende vrae:

**Oefening 1: Vrae oor luisterbegrip**
1. Hoeveel provinsies het Suid-Afrika? (1)
2. Watter provinsie is die rykste provinsie? (1)
3. Noem EEN produk waarmee die boere in Noordwes boer. (1)
4. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
4.1 Limpopo se naam kom van die Krokodilrivier. (1)
4.2 Motiveer jou antwoord met EEN sin. (1)
5. Watter provinsie besoek jy as jy na die Krugerwildtuin gaan? (1)
6. In watter provinsie bly die meeste mense? (1)
7. Hoekom sal jy graag in KwaZulu-Natal wil bly? (1)
8. Kies die regte antwoord: Skryf net die korrekte letter neer:
Een van die kleinste provinsie is:
A. Mpumalanga
B. Vrystaat
C. Limpopo
D. Wes-Kaap (1)
9. Hoekom bly daar so min mense in die Noord-Kaap? (1)
10. Watter bekende stad is die hoofstad van die Wes-Kaap? (1)
11. Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is.
11.1 Tafelberg is in die Oos-Kaap. (1)
11.2 Motiveer jou antwoord met ’n rede uit die luisterteks. (1)
12. Hoekom is die Oos-Kaap ’n arm provinsie? (2)

**[15]**

## Lees en kyk

## Leesbegrip: Lees die teks oor die volke van Suid-Afrika.

**Voor jy lees:**

1. Skryf die name van die verskillende volke in Suid-Afrika neer.
2. Skryf die tale wat hulle praat langs hulle name neer.

Kopiereg voorbehou

**Terwyl jy lees:**

1. Lees die teks.
2. Lees die vrae.
3. Lees weer die teks en merk die antwoorde van die vrae.

**Die volke van Suid-Afrika**

Die mense van Suid-Afrika word die reënboognasie genoem, omdat hier so baie verskillende volke (*nations*) bly. Die Khoisanwas die eerste inwoners (*inhabitants*) van Suid-Afrika en woon reeds 40 000 jaar hier. Die Boesmans was eers jagters (*hunters*). Die Khoikhoi was nomadiese(*nomadic*) veeboere. Die Europeërs het hulle Hottentotte genoem, omdat hulle taal soos "hot" en "tot" geklink het.





Die ander volke van Suid-Afrika behoort aan groter taalgroepe. Nege groepe kom voor. Die Sotho wat uit die Noord-Sotho,die Suid-Sotho en die Wes-Sotho bestaan. Die Tsonga en Venda kom in die noorde van Suid-Afrika voor. Die grootste groep is die Nguni, wat bestaan uit die Zoeloe-, Swazi-en Xhosa- en Ndebele-volke.

Die Ndebele is ’n volk wat baie kunstig is. Hulle dra  die mooiste klere, verf hulle huise met helder kleure en maak die mooiste goed van krale. Dit word meestal deur vroue gedoen.





Die **Xhosas** het in die ou dae in die Oos-Kaap gewoon, maar bly veral in Gauteng en die Wes-Kaap. Die naam "Xhosa" kom van 'n bekende leier genaamd uXhosa. Die Xhosas noem hulleself die *amaXhosa* en praat *isiXhosa*.

Mondelingse geskiedenis vertel dat die Zoeloe-volk in 1670 begin het. 'n Ou man met die naam Malandela en sy vrou, Nozinja, het twee seuns, Qwabe en Zoeloe, gehad.  Qwabe het jaloers op Zoeloe geword en wou hom doodmaak. Sy ma het Zoeloe gered. Zoeloe het later ’n stamhoof geword. In 1787 het hoofman Senzangakona se vrou, Nandi, 'n seun Shaka gehad. Hy was ’n baie goeie leier. Shaka het al die stamgroepe een Zoeloenasie gemaak.



Verwerk: *Mieliestronk*

Kopiereg voorbehou

**Woordeskatuitbreiding:**

Pas die woord in kolom A by die betekenis daarvan in Kolom B

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1. inwoners (*inhabitants)* | A. die storie van 'n volk |
| 2. veeboere *(stock farmers*) | B. mense wat in 'n land woon. |
| 3. Europeërs (*white people*) | C. iets van iemand anders wil hê. |
| 4. kunstig (*arty*) | D. mense wat met skape en beeste boer. |
| 5. bekend (*well known*) | E. mense wat van Europa kom. |
| 6. geskiedenis (*history*) | F. baie mense weet van jou. |
| 7. jaloers (*jealous*) | G. iets baie mooi kan maak. |

**Nadat jy gelees het:**

Beantwoord die volgende vrae.

**Oefening 2: Beantwoord die volgende vrae oor die teks**

1. Hoekom word die mense in Suid-Afrika 'n reënboognasie genoem?
2. Wie was die eerste inwoners van Suid-Afrika?
3. Die Boesmans het bokke geëet.
3.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is.
3.2 Motiveer jou antwoord met EEN woord uit paragraaf 1
4. Waar kom die naam Hottentot vandaan?
5. Uit watter volke bestaan die mense van die groter Sothogroep?
6. Kies die antwoord wat nie pas nie:
Die Ndebele mense is kunstig omdat hulle ...
A. mooi klere dra.
B. hulle huise mooi verf.
C. lekker kos maak
D. mooi krale maak.
7. Voltooi:
'n Ander naam vir die Xhosas is ____________
8.Wat was die name van die kinders van Malandela?
9. Wie het die Zoeloevolk een volk gemaak?

## Kenmerke van 'n plakkaat as 'n visuele teks.

- Net die nodigste inligting *(information*) moet gegee word.
- 'n Visuele teks trek mense se aandag (*attention*).
- Verskillende (*different*) soorte letters moet gebruik word.
- Die grootte (*size*) van die letters moet verskil.
- Prente kan gebruik word om die teks interessanter te maak.
- Dit word altyd in 'n openbare plek (*public places*) geplaas.

Kopiereg voorbehou

**Lees die plakkaat oor Suid-Afrika**




# DIE MOOISTE LAND IN DIE HELE WÊRELD!



**Land van verskillende volke en tale!**



*Land van berge en valleie, land van die leeu en die skilpad, land van die aalwyn en die protea*



**Kontak: Suid-Afrikaanse toerismeburo E-pos: satourism@ gov.za**

| **Woordeskat:** | |
|---|---|
| spiese (*spears*) | Die Zoeloe-impi's het skerp spiese. |
| skilde (*shields*) | Skilde beskerm 'n soldaat(soldier). |
| pype (*pipe*) | Vroue rook nie eintlik pyp nie. |
| kopdoeke | Xhosavroue dra mooi, groot kopdoeke. |
| berge (*Mountains*) | Die berge in die Oos-Vrystaat is baie hoog. |
| dale (*valleys)* | In die valleie groei aalwyne. |
| leeu (*lion*) | In die leeupark is baie leeus. |

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| skilpad (*tortoise*) | 'n Skilpad het 'n harde dop. |
| aalwyn (*aloe*) | Aalwyne het nie baie water nodig nie. |
| toerismeburo (*tourist bureau*) | Die toerismeburo gee inligting aan toeriste oor Suid-Afrika |

## Skryf en aanbied

Die plakkaat word in toeristeburo's (*tourist bureau*) gebruik om mense na Suid-Afrika te nooi (*to invite people*) . Lees dit weer.

**Oefening 3**: **Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom sal die plakkaat vir mense mooi lyk?
2. Hoekom word verskillende soorte letters gebruik?
3. Dink jy die plakkaat is interessant omdat die grootte van die letters verskil?
4. Pas die kaart van Suid-Afrika op die plakkaat?
5. Voltooi die volgende tabel:
   Die verskillende prente stel die volgende in Suid-Afrika voor:

| PRENT | WAT DIT VOORSTEL |
|---|---|
| 1. Kaart | Die plantelewe |
| 2. Vrouens | Die natuur |
| 3. Mans | Die dierelewe |
| 4. Berge | Die Zoeloekultuur |
| 5. Vallei | Die vrugbare grond |
| 6. Leeu | Die Xhosa kulture |
| 7. Aalwyne | Die hele Suid-Afrika |

' n Goeie Plakkaat lyk so:

| | | |
|---|---|---|
| *Die volgende vrae moet beantwoord word: Wie?, Wat?, Waar? en Wanneer?*<br><br>Wat? ←<br><br>Wanneer? ←<br>Wie? ←<br><br>Waar? ←<br><br>Tyd. ←<br><br>Let op die gebruik van verskillende lettergroottes. | UITSTAPPIE IN DIE NATUUR<br>8 Februarie 2012<br>SOETDORING NATUURRESERVAAT<br><br>Bultfonteinpad<br><br>12:00<br>Iets vir die hele gesin!<br>Leer die gewoontes van diere ken. Kom voer die bokkies. Kom ry perd. Gee die hanslammers melk.<br>Moenie die hoendervangkompetisie misloop nie! | Onthou:<br><br>• Skryf net die belangrikste inligting.<br>• *Die boodskap moet baie duidelik en kort wees.*<br>• *Die inligting moet interessant wees.*<br>• *Foto's, prente, simbole en tekens kan gebruik word.* |

Kopiereg voorbehou

**Ontwerp 'n plakkaat oor jou provinsie. (Taak)**

Ontwerp 'n plakkaat oor jou provinsie. In die plakkaat moet jy die volgende doen:

- Verskillende soorte letters gebruik.
- Verskillende grootte letters gebruik.
- Vier sinne oor jou provinsie skryf.
- Antwoorde op die volgende vrae gee: Wat?, Wie?, Waar?

**Taal in konteks**

As jy 'n plakkaat maak, gebruik jy die woorde Wie?; Wat?; Waar?; Wanneer?; Hoekom?

**Oefening 4: Skryf die volgende sinne oor en begin met die woord tussen hakies.**
**Die onderstreepte woord moet die antwoord wees.**

1. In Suid-Afrika bly die Basotho. (Wie)
2. In die Wes-Kaap groei proteas. (Wat)
3. Die meeste goud is in Noordwes. (Waar)
4. In die somer is die land lekker warm. (Wanneer)
5. Mense kom na Suid-Afrika vir die lekker weer. (Hoekom)

**Oefening 5: Vul die woorde in. Kies uit die woorde in die blokkie.**

| lê, loop, blom, groei, rook, staan, besoek, dra |
|---|

1. Die toeriste ______ die Apartheidsmuseum in Soweto.
2. Proteas ______ in die lente.
3. 'n Skilpad ______ stadig in die veld.
4. Die Zoeloe-impi's ______ spiese.
5. Die Xhosa-vroue ______ lang pype.
6. Aalwyne ________ in die Karoo
7. Die rotse ________ op die berge.
8. Die leeu se stert ____ op die grond.



[*Clip Art*]

Oefening 6: Pas die dieregeluid in kolom B by die dier in Kolom A


| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| Koei | Blêr |
| Skaap | Kraai |
| Hond | Tjirp |
| Kat | Blaf |
| Haan | Runnik |

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| Perd<br>Bok<br>Leeu<br>Voël | Bulk<br>Brul<br>Blêr<br>Miaau |

**Oefening7: Jy gaan 'n taalspeletjie speel.**

Kry 'n maat.
Trek 'n nulletjie- en kruisiebord soos hieronder op 'n stuk papier.



Besluit wie gaan eerste speel.
Sê en skryf dan die verkleinwoorde van die volgende woorde neer.
As jou antwoord reg is, mag jy 'n nulletjie of 'n kruisie trek.
Die een wat eerste drie nulletjies/kruisies in 'n ry het wen!

| Vrae vir spanlid 1 | Vrae vir spanlid 2 |
|---|---|
| land | wêreld |
| berg | vlakte |
| rivier | spruit |
| leeu | aap |
| skaap | koei |
| blom | roos |
| voël | hoender |
| perd | bok |
| boom | gras |

**Oefening 8: Skryf die meervoude van die woorde tussen hakies neer**.
1. Die (bos) is voor die maan.
2.Die (kameelperd) het lang (nek).
3.Die (sonneblom) is geel.
4.Die (voël) het rooi (vlerk)
5.Die (boom) is 'n veilige blyplek .
6.(Dier) eet graag gras.
7. Ek ken min (land) in Afrika se name.
8. Suid-Afrika het baie verskillende (volk).

**Oefening 9: Skryf die volgende getalle uit.**

| | |
|---|---|
| **5** ________________ | **20** ________________ |
| **7** ________________ | **30** ________________ |
| **19** ________________ | **70** ________________ |
| **8** ________________ | **80** ________________ |
| **6** ________________ | **100** ________________ |
| **2** ________________ | **65** ________________ |
| **1** ________________ | **78** ________________ |
| **11** ________________ | **22** ________________ |
| **9** ________________ | **34** ________________ |
| **17** ________________ | **99** ________________ |

Kopiereg voorbehou

**Oefening 10: Gee die trappe van vergelyking van die volgende woorde. Maak daarna 'n sin soos in die voorbeeld.**

| **Woord**.<br>groot | **Trappe van vergelyking**<br>groot, groter, grootste | **Sin**<br>Die appel is groot, die peer is groter, die waatlemoen is die grootste |
|---|---|---|
| ank<br>kort<br>vet<br>maer<br>mooi<br>lelik<br>koud<br>warm<br>vroeg<br>laat | | |

**Oefening 11: Gebruik 'n woordeboek om die afkortings vir die volgende woorde na te slaan.:**

| | |
|---|---|
| as gevolg van<br>asseblief<br>bladsy<br>byvoorbeeld<br>deur middel van<br>dokter<br>hoek van<br>in plaas van<br>kilometer per uur<br>met ander woorde | mevrou<br>meneer<br>naamlik<br>nommer<br>onder andere<br>straat<br>ten opsigte van<br>vergelyk<br>verlede<br>voormiddag |

Kopiereg voorbehou